# LEWENDE HAWE AFDELING

## OMGESKREWE GEBEURTENISSE

Vrekte van die Versekerde Dier(e), wat gedurende die versekeringstydperk plaasvind terwyl geleë op die Versekerde Perseel deur:

**1. Alle risiko's van vrekte** (indien as die tipe dekking in die bylae vermeld)

enige ongeluk, siekte of kwaal, maar uitgesluit vrekte van die Versekerde Dier(e) veroorsaak deur of wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit:

1.1 diefstal;

1.2 afdwaling;

1.3 die vervoer van die versekerde dier(e) deur middel van enige vervoermiddel;

1.4 Bloutong;

1.5 Galsiekte;

1.6 Hartwaterkoors;

1.7 Bloednier;

1.8 Rooiwaterkoors;

of

2. **Beperkte dekking** (indien as die tipe dekking in die bylae vermeld)

'n regstreekse gevolg van brand, weerlig of ontploffing

# Omskrywings

**Aanjaag** sal vir die doeleindes van hierdie afdeling beteken die verskuiwing van Versekerde Diere(e) te voet vanaf een Versekerde Perseel na 'n ander Versekerde Perseel.

**Versekerde dier(e)** sal beperk wees tot daardie dier(e) in die bylae aangedui wat ooreenstem met die "tipe dier", "ras" en "geslag" wat in die bylae vermeld word en indien so in die bylae gespesifiseer, identifiseerbaar is deur middel van merke, die identifikasiekode van oorplaatjies, 'n foto wat unieke kenmerke uitwys of 'n mikroskyfie identifikasiekode.

**Versekerde perseel** sal beteken binne die grense van die perseel in die bylae vermeld vir die betrokke item.

# SKIKKINGSGRONDSLAG

In die geval van 'n eis wat volg op die vrekte van die Versekerde Dier(e), onderhewig daaraan dat die versekerde bedrag nie oorskry word nie en enige eerste bedrag betaalbaar, sal die skikkingsgrondslag wees soos aangedui in die bylae teenoor elke item en sal dit wees of:

1. **Faktuurprys:** Die prys wat die Versekerde betaal het vir die Versekerde Dier(e) soos as bewys aangedui in die oorspronklike aankoopfaktuur. In die geval van versuim om die aankoopfaktuur voor te lê, sal dekking terugverander na die redelike markwaarde (soos hieronder uiteengesit) van die Versekerde Dier(e).

of

2. **Veilingprys:** Die prys wat die Versekerde betaal het vir die Versekerde Dier(e) soos as bewys aangedui in die veiling se aankoopdokumentasie. In die geval van versuim om die veiling se aankoopdokumente voor te lê, sal dekking terugverander na die redelike markwaarde (soos hieronder uiteengesit) van die Versekerde Dier(e).

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

of

3. **Redelike markwaarde:** Die prys betaalbaar in die mark vir die Versekerde Dier(e) van dieselfde ouderdom, geslag, afkoms, kleur en kondisie as die Versekerde Dier(e) onmiddellik voor die vrekte van die genoemde dier(e).

of

4. **Ooreengekome waarde:** Die waarde soos ooreengekom tussen die Versekerde en die Maatskappy. Sodanige ooreengekome waarde sal geldig bly tot en met die volgende hernuwingsdatum (of jaarlikse hersieningsdatum indien die polis deur middel van 'n maandelikse debietorder betaal word) en die skikkingsgrondslag sal terugverander na die redelike markwaarde vir die nuwe versekeringstydperk indien daar geen skriftelike ooreenkoms tussen die Versekerde en die Maatskappy bestaan nie wat die huidige ooreengekome waarde verleng of tot 'n veranderde ooreengekome waarde.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Bykomend tot die uitsluitings onder die Omskrewe Gebeurtenisse, is die Maatskappy nie aanspreeklik nie:

1. ingevolge Omskrewe Gebeurtenis 1 vir meer as 65% ten opsigte van enige verlies met betrekking tot eise wat voortspruit uit toevallige opblasing, plantvergiftiging of vergiftiging wat voortspruit uit die gee van voer en/of water en/of veedip;
2. vir doelbewuste slagting of vernietiging van die Versekerde Dier(e) ter nakoming van die vereistes van enige wetsbepaling of enige bevel van 'n regeringsdepartement, plaaslike owerheid of persoon wat regsbevoegdheid in die aangeleentheid het, behalwe:
   - 2.1 indien die Maatskappy uitdruklik en skriftelik tot die vernietiging van die dier ingestem het;
   - 2.2 in geval van beserings wat om humanitêre redes die onmiddellike slagting vereis en waar 'n gekwalifiseerde veearts, wat deur die Versekerde aangestel is, skriftelik sertifiseer dat die lyding ongeneeslik en van sodanige omvang is dat slagting onvermydelik is, met dien verstande dat indien die Maatskappy kies om op die Maatskappy se koste 'n nadoodse ondersoek deur 'n gekwalifiseerde veearts te laat uitvoer, die Maatskappy sodanig mag handel;

3 vir vrekte, verlies of vernietiging van die Versekerde Dier(e) weens ongeskiktheid vir of onvermoë om die funksies of pligte te vervul waarvoor die dier aangehou word;

4 indien die Versekerde Dier(e) buite die gebiedsperke van die Versekerde Perseel is (buiten soos voor voorsiening gemaak ingevolge enige uitbreidings onder hierdie afdeling) tensy daar skriftelike kennisgewing van sodanige hervestiging aan die Maatskappy gegee word en dit skriftelik deur die Maatskappy erken word;

5 vir vrekte regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of as gevolg van:
   - 5.1 enige snykundige operasies tensy uitgevoer deur 'n gekwalifiseerde veearts en deur hom gesertifiseer as synde noodsaaklik te wees uitsluitlik vanweë 'n ongeval, siekte of kwaal en dat sodanige snykundige operasie uitgevoer word in 'n poging om die Versekerde Dier se lewe te red;
   - 5.2 die toediening van enige medikasie tensy deur 'n gekwalifiseerde veearts of 'n ervare persoon wat deur hom gelei word. Die gekwalifiseerde veearts moet sertifiseer dat sodanige medikasie as 'n voorsorgmiddel toegedien is of dat dit noodsaaklik geword het vanweë 'n ongeval, siekte of kwaal wat ingevolge hierdie afdeling verseker is. Vir die doeleindes van hierdie uitsluiting sluit die term medikasie enige geneesmiddel, hormoon, vitamien, proteïn of ander middel, behalwe suiwer voedsel en vloeistof, in;
   - 5.3 vrekte vanweë hongersnood of wanvoeding;
   - 5.4 kwaadwillige of moedswillige besering veroorsaak deur die Versekerde of enige persoon wat namens die Versekerde optree;
   - 5.5 gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, oponthoud, verlies aan markte, waardevermindering of veranderings wat deur natuurlike oorsake teweeggebring word.

6. indien die Versekerde dier(e) buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika is.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

1. Indien die versekerde eiendom, by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur enige omskrewe gebeurtenis of uitbreiding waarteen dit hierin verseker is, gesamentlik ‘n groter waarde het as die versekerde bedrag hierin, dan sal die Versekerde as sy eie versekeraar geag word vir die verskil en dra hy dienooreenkomstig ‘n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

   Hierdie voorwaarde sal slegs van toepassing wees indien die “Grondslag” soos in die bylae vermeld, aangedui word as “Ongespesifiseerd met ‘n maksimum waarde per dier”.

2. Die Versekerde waarborg dat elke Versekerde Dier by die aanvang van hierdie versekering in goeie gesondheid verkeer en vry is van enige kwaal, siekte, lamheid, besering of ongeskiktheid.

3. Enige voordeel ingevolge hierdie afdeling ten opsigte van Versekerde Dier(e) word onmiddellik gestaak sodra sodanige dier nie langer die eiendom van die Versekerde is nie.

4. Die Versekerde sal te alle tye alle redelike voorsorg tref en die Versekerde Dier(e) beskerm teen verlies of gevaar van verlies, ongeval of siekte en sal aan alle redelike maatreëls en voorskrifte voldoen wat deur die Maatskappy of ‘n gekwalifiseerde veearts in diens van die Maatskappy uitgereik word.

5. Die Versekerde sal die Maatskappy onmiddellik in kennis stel van enige ongeval of siekte van enige Versekerde Dier(e) en sal op eie koste onmiddellik vir voldoende bystand en behandeling deur ‘n gekwalifiseerde veearts voorsiening maak.

   Indien die Maatskappy dit so verlang, sal die Versekerde die Maatskappy voorsien van ‘n verslag oor die toestand van die Versekerde Dier(e) deur die behandelende gekwalifiseerde veearts.

6. Die Versekerde Dier(e) mag nie sonder die Maatskappy se skriftelike toestemming permanent van die Versekerde perseel vermeld in die bylae verwyder word nie.

7. Die Versekerde onderneem om alle wette, reëls en regulasies na te kom wat betrekking het op die distrik waar die Versekerde Dier(e) aangehou word en sal in geval van ‘n eis bewys van sodanige nakoming aan die Maatskappy lewer.

8. Indien die grondslag wat in die bylae aangedui is, lees “Ongespesifiseerd, met ‘n maksimum waarde per dier”, dan is dit ‘n voorwaarde dat die Versekerde, tensy andersins skriftelik ooreengekom deur die Maatskappy, alle diere moet verklaar en verseker wat pas binne die beskrywings van “tipe dier”, “ras” en “geslag” soos in die bylae vermeld ten opsigte van die betrokke item. Die Maatskappy sal ooreenkom om sekere diere uit te sluit vir redes soos bestaande swak gesondheid of besering.

9. In geval van ‘n gebeurtenis wat tot ‘n eis aanleiding gee of wat tot ‘n eis aanleiding kan gee, sal die Versekerde die Maatskappy onmiddellik van sodanige gebeurtenis in kennis stel:

   9.1 In geval van die vrekte van enige Versekerde Dier(e), sal die Versekerde aan die Maatskappy die geleentheid bied om die karkas te inspekteer en sal die Versekerde nie die karkas sny of daarvan ontslae raak nie voor die verstryking van 24 uur vanaf sodanige kennisgewing aan die Maatskappy.

   9.2 Die Versekerde sal binne 14 dae vanaf sodanige gebeurtenis die Maatskappy van ‘n voltooide eisvorm voorsien, tesame met alle ander inligting wat verlang mag word, met inbegrip van en op sy eie onkoste, enige sertifikaat van ‘n gekwalifiseerde veearts wat die oorsaak van die vrekte aandui en bevredigende bewys van die vrekte, identiteit en waarde van die dier.

   9.3 Indien die Maatskappy beweer dat die dier se vrekte uit ‘n uitgeslote oorsaak spruit, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

   9.4 Indien die Maatskappy die eis toelaat en na die tydperk soos in 9.1 vermeld, mag die Versekerde tot beste voordeel van die karkas ontslae raak en die bedrag wat die verkoop van die karkas oplewer, word teen die bedrag van die eis gereken.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik, van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding.

## **Dekking vir toevallige gebeurtenis bykomend tot Beperkte dekking** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die dekking soos verskaf ingevolge omskrewe gebeurtenis 2 (Beperkte dekking) word uitgebrei om die vrekte van die Versekerde Dier(e) in te sluit, veroorsaak deur:

1. enige ongeluk veroorsaak deur 'n eksterne, gewelddadige en sigbare voorval, maar uitgesluit 'n gebeurtenis wat andersins uitgesluit is deur 'n spesifieke uitsluiting ingevolge hierdie afdeling of enige algemene uitsluiting in die Algemene Afdeling;
2. vreemde voorwerpe wat toevallig deur die Versekerde Dier(e) geëet word;
3. toevallige vergiftiging en opblasing, met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir meer as 65% van enige eis;
4. aanvalle deur honde en wilde diere.

## **Bloutong** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Uitsluiting 1.4 onder Omskrewe Gebeurtenis 1 word geskrap en hierdie afdeling word uitgebrei om die vrekte van die Versekerde Dier(e) as gevolg van Bloutong in te sluit, met dien verstande dat die Versekerde Dier(e) nie langer nie as 12 maande voor die vrekte van die Versekerde Dier(e) teen bloutong ingeënt was en dat die serum wat gebruik is, korrek geberg was en in ooreenstemming met die gebruiksaanwysings toegedien is.

Bewys van sodanige inenting moet aan die Maatskappy gelewer word alvorens enige eis toegelaat word en sal in die vorm van óf 'n sertifikaat van 'n gekwalifiseerde veeartswees, óf, indien die Versekerde self die inenting toegedien het, 'n sertifikaat onderteken deur die Versekerde en gestaaf deur 'n aangrensende boer, welke boer ook die toediening van die inenting aanskou het.

## **Kalfuitbreiding** (indien in die bylae asingesluit vermeld)

Hierdie afdeling word uitgebrei om die kalf of tweelingkalwers (waaraan 'n Versekerde Dier geboote geskenk het), ouer as 24 uur, maar jonger as 6 maande, outomaties te dek gedurende die versekeringstydperk of by inwerkingtreding van dekking by die Maatskappy. Die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding vir die kalf of kalwers, sal hoogstens die persentasie beloop (soos in die bylae vermeld) van die versekerde bedrag van die versekerde koei.

In die geval van tweelinge, sal geen eis ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar wees nie indien slegs een kalf vrek.

## **Vangkoste** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling word uitgebrei om dekking te verskaf vir redelike koste en uitgawes deur die Versekerde aangegaan wat noodsaaklik is vir die vang van die Versekerde Dier(e) na uitbreek/ontsnapping van die Versekerde Dier(e), met dien verstande dat:

1. die Versekerde Dier(e) identifiseerbaar moet wees deur middel van:

   1.1 Mikroskyfies of

   1.2 oorplaatjies of

   1.3 foto's of merke soos, maar nie beperk nie tot, brandmerke of tatoo's;

2. dekking onder hierdie uitbreiding onderhewig is aan dieselfde eerste bedrag betaalbaar van toepassing op die versekerde item ingevolge waarvan die Versekerde Dier(e) gedek is;

3. die Maatskappy se maksimum aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding beperk is tot die minste van:

   3.1 werklike koste aangegaan, maar beperk tot die persentasie (soos in die bylae vermeld) van die versekerde bedrag van die ontsnapte Versekerde Dier(e), of;

   3.2 die geldelike bedrag in die bylae onder hierdie uitbreiding vermeld teenoor "Versekerde bedrag (maksimum)";

Vir interne makelaarsgebruik doeleindes - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

4. die Versekerde al die kostes aangegaan kan staaf;

5. geen bedrag deur die Maatskappy ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar sal wees nie indien die Versekerde Dier(e) nie teruggevind en gevang word nie.

## **Karkasverwydering** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word, word hierdie afdeling uitgebrei om dekking te verskaf vir die werklike koste wat noodsaaklikergewys deur die Versekerde aangegaan is in die opruiming of verwydering van 'n karkas of karkasse wat volg op die vrekte van enige dier(e) wat ingevolge hierdie afdeling verseker is.

## **Uitbreiding vir aanjaag**

Nieteenstaande dat dekking beperk is tot die grense van die Versekerde Perseel, word dekking uitgebrei om die Versekerde Dier(e) in te sluit gedurende die aanjaag van een Versekerde Perseel na 'n ander Versekerde Perseel (indien meer as een in die bylae genoem word vir die betrokke item) met dien verstande dat sodanige aanjaag nie tot gevolg het dat die Versekerde Dier(e) die grense van die Republiek van Suid-Afrika of Namibië verlaat nie.

## **Galsiekte** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Uitsluiting 1.5 onder Omskrewe Gebeurtenisse 1 word geskrap en hierdie afdeling word uitgebrei om vrekte van die Versekerde Dier(e) as gevolg van Galsiekte in te sluit.

## **Hartwaterkoors** (indien in die bylae as ingesluitvermeld)

Uitsluiting 1.6 onder Omskrewe Gebeurtenisse 1 word geskrap en hierdie afdeling word uitgebrei om vrekte van die Versekerde Dier(e) as gevolg van Hartwaterkoors in te sluit.

## **Onvrugbaarheid** (indien in die bylae as ingesluitvermeld)

Indien die Versekerde Dier(e) 'n bul is en dit deur produksie bewys word dat sodanige bul as gevolg van toevallige eksterne en gewelddadige middele of as gevolg van siekte gely of opgedoen gedurende die versekeringstydperk, onvrugbaar is of 'n morfologie-persentasie het van minder as 70%, sal die Maatskappy, ná die verloop van 3 maande vanaf die kennisgewing van onvrugbaarheid, aan die Versekerde die verskil betaal tussen die bedrag verkry van die verhandeling of verkoop van die bul en die bedrag waarvoor die bul verseker is, met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir enige eise vir gevolglike verlies hoegenaamd, hoe dit ook al mag ontstaan, en ook nie vir eise vir die prolaps van die skede van die penis nie.

## **Plantvergiftiging** (indien in die bylae as ingesluitvermeld)

Die bedrag van 65% vermeld in:

1. Spesifieke uitsluiting 1;
2. Dekking vir toevallige gebeurtenis bykomend tot Beperkte dekking (indien verseker en in die bylae as ingesluit aangedui)

word verhoog tot 100%.

## **Bloednier** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Uitsluiting 1.7 onder Omskrewe Gebeurtenisse 1 word geskrap en hierdie afdeling word uitgebrei om vrekte van die Versekerde Dier(e) as gevolg van Bloednier in te sluit, met dien verstande dat die Versekerde Dier(e) nie langer nie as ses maande voor die vrekte van die Versekerde Dier(e) teen enterotoksemie ingeënt was met serum wat korrek geberg was en in ooreenstemming met die gebruiksaanwysings toegedien is.

Bewys van sodanige inenting moet aan die Maatskappy gelewer word alvorens enige eis toegelaat word en die bewys sal in die vorm van óf 'n sertifikaat van 'n gekwalifiseerde veearts wees, óf, indien die Versekerde self die inenting toegedien het, 'n sertifikaat onderteken deur die Versekerde en gestaaf deur 'n aangrensende boer, welke boer ook die toediening van die inenting aanskou het.

## **Rooiwaterkoors** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Uitsluiting 1.8 onder Omskrewe Gebeurtenisse 1 word geskrap en hierdie afdeling word uitgebrei om vrekte van die Versekerde Dier(e) as gevolg van Rooiwaterkoors in te sluit.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik: van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## Spesiale skoudekking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling word uitgebrei om die vrekte van die Versekerde Dier(e) te dek onderwyl weg van die Versekerde Perseel by enige skou en wat 'n aanvang neem vanaf die tydstip wat die Versekerde Dier(e) by die skougronde afgelaai word tot en met die tydstip wat hulle op die vervoermiddel gelaai word vir vertrek vanaf die skougronde, maar uitgesluit sodanige oplaai en aflaai.

## Transitodekking vir stoetdier(e)

Indien stoetdier(e) verseker is vir "Alle risiko van vrekte", word hierdie afdeling uitgebrei om die vrekte van sodanige dier(e) te dek onderwyl in transito per pad of spoorweg (insluitende oplaai by die vertrekpunt en aflaai by die bestemming) vanaf die Versekerde Perseel na enige perseel vir teeldoeleindes of na enige skou(e) en die terugkerende rit, met dien verstande dat bykomend tot die spesifieke uitsluitings van hierdie afdeling, sal hierdie uitbreiding nie dekking verskaf nie:

1. onderwyl in transito buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Zimbabwe, Swaziland, Lesotho en Mosambiek;
2. vir vertrapping of versmoring as gevolg van die oorlaaiing van enige voertuig wat gebruik word om die Versekerde Dier(e) te vervoer;
3. vir vrekte as gevolg van of wat voortspruit uit spronge;
4. vir vrekte wat gedurende die vervoer ontstaan weens inenting, enige snykundige prosedure, bevalling of die gevolge daarvan of dragtigheid;
5. vir vrekte as gevolg van paniek.

## Diefstal (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Uitsluiting 1.1 onder Omskrewe Gebeurtenis 1 word geskrap en hierdie polis word uitgebrei om diefstal of poging tot diefstal van die Versekerde Dier(e) in te sluit, met dien verstande dat:

1. die Versekerde in geval van 'n eis onmiddellik die polisie in kennis stel en enige stappe doen wat vereis word om bystand te lewer in die terugvind van sodanige Versekerde Dier(e);
2. 'n polisieverwysingsnommer saam met die eisvorm verstrek word;
3. die Maatskappy nie enige eise vir die diefstal van Versekerde Dier(e) sal betaal nie indien sodanige diefstal nie binne 14 dae vanaf sodanige diefstal aan die Maatskappy gerapporteer word nie.

## Vervoerkoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

In die geval van 'n geldige eis, sal die Maatskappy:

1. by ontvangs van ondersteunende dokumentasie betaal vir die redelike vervoerkoste aangegaan om 'n vervangende dier(e) na die Versekerde Perseel te vervoer; of
2. met die Maatskappy se toestemming, indien die Versekerde kies om nie die afgestorwe Versekerde Dier(e) te vervang nie, en sodanige afgestorwe dier(e) is bekom binne 12 maande voor sy/hulle afsterwe, by ontvangs van ondersteunende dokumentasie, sal die Maatskappy betaal vir die redelike vervoerkoste wat die Versekerde aanvanklik aangegaan het om die Versekerde Dier(e) na die Versekerde Perseel te vervoer ten tye van die aankoop van sodanige Versekerde Dier(e)

met dien verstande dat die maksimum bedrag betaalbaar deur die Maatskappy:

1. per Versekerde Dier hoogstens die persentasie van die aankoopprys van die Versekerde Dier sal beloop soos aangedui in die bylae onder hierdie uitbreiding teenoor "Maksimum versekerde bedrag per dier (% van die aankoopprys van die Versekerde Dier)" en;
2. indien meer as een Versekerde Dier in dieselfde gebeurtenis betrokke was, die bedrag sal beloop soos aangedui in die bylae onder hierdie uitbreiding teenoor "Versekerde bedrag (per gebeurtenis)".

## Veeartsuitgawes (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Dekking onder hierdie afdeling word uitgebrei om die koste van Veeartsfooie in te sluit wat aangegaan is

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

vir die behandeling van die Versekerde Dier(e) alleenlik ter voorkoming van die Vrekte van ‘n Versekerde Dier deur ‘n andersins versekerde verlies ingevolge hierdie afdeling met dien verstande dat:

1. die maksimum bedrag betaalbaar deur die Maatskappy per Versekerde Dier sal hoogstens die persentasie beloop (soos in die bylae onder hierdie uitbreiding aangedui) van die versekerde bedrag van die Versekerde Dier;
2. indien meer as een Versekerde Dier geaffekteer word in ‘n enkele gebeutenis of verskeie gebeurtenisse wat uit ‘n enkele oorsaak voortspruit, is die maksimum bedrag betaalbaar onder hierdie uitbreiding beperk tot die bedrag aangedui in die bylae onder hierdie uitbreiding teenoor “Versekerde bedrag (per gebeurtenis)”;
3. die maksimum bedrag betaalbaar deur die Maatskappy onder hierdie uitbreiding sal in totaal beperk wees gedurende enige enkele versekeringstydperk (indien die premies maandeliks per debietorder betaal word, word die woorde “per versekeringstydperk” verander om te lees “vir enige enkele tydperk van 12 agtereenvolgende maande vanaf die intree- of hernuwingsdatum”) tot die bedrag vermeld in die bylae onder hierdie uitbreiding teenoor “Versekerde bedrag (per versekeringstydperk)”;
4. die Versekerde Dier alreeds beseer is of ‘n siekte opgedoen het wat verseker is deur ‘n omskrewe gebeurtenis of versekerde uitbreiding en nie as ‘n blote voorkomende aksie vir moontlike toekomstige siektes of versekerde verliese nie;
5. die besering of siekte van so ‘n aard of omvang is dat dit die vrekte van die Versekerde Dier tot gevolg sal hê indien die veeartsenykundige ingryping nie deur die Versekerde in werking gestel is nie;
6. ‘n veeartssertifikaat wat punte 4 en 5 bevesig aan die Maatskappy voorsien is tesame met die eisvorm en ander eisedokumentasie;
7. die besering plaasgevind of die siekte opgedoen is gedurende die versekeringstydperk;
8. geen eerste bedrag betaalbaar op hierdie uitbreiding van toepassing sal wees nie;
9. die Versekerde Dier oorleef.

**Dekking vir weer en water bykomend tot Beperkte dekking** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die dekking soos verskaf ingevolge omskrewe gebeurtenis 2 (Beperkte dekking) word uitgebrei om vrekte van die Versekerde Dier(e) in te sluit wat regstreeks veroorsaak word deur:

1. storm;
2. wind;
3. water;
4. hael;
5. sneeu;

met inbegrip van verkluiming van die Versekerde Dier(e) as gevolg van 1 tot 5 hierbo.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge